# Gauteng SA Boerperd

# Voorsitter Verslag vir Termyn 2016-2017

## Jan Joubert

Die aktiwiteite van die klub gedurende die tydperk Septemberr 2016 tot en met September 2017 is as volg:

- **Horse of the Year**:
    - Die skou het plaasgevind gedurende Februarie 2017.
    - Dit is een van die min geleenthede wat oor is waartydens die Boerperd kampioen kan kompeteer met de kampioene van ander rasse en ons werklik ons standaarde kan meet teen ander rasse.
    - Ek wil graag vir Heleen Pope bedank vir al haar reelings gedurende die skou. Dit is duidelik dat sy jare se ondervinding het met die reel van hierdie en ander skoue.
    - Ons beoordelaar was Vicky Brooker. Die beoordelaar was bygestaan deur Stenelle van Marle wat in opleiding as SA Boerperd beoordelaar is.
    - Daar was minder inskrywings as vorige jare met 33 perde van 18 Stoete/Eienaars in 102 inskrywings.
    - Die volgende hoogtepunte vir die Boerperde was as volg:
      *CHAMPION SA BOERPERD STALLION 8TH IN SUPREME CHAMPION BREED HORSE:*
      *Carel Hancke Donatello Owner Kylin Stud*

*CHAMPION SA BOERPERD MARE: Lang Carel Wimpers.*
*Owner: Hoefstraal Stud*

CHAMPION SA BOERPERD GELDING : Rymaar Avontuur.
Owner: Erin Robinson

CHAMPION SA BOERPERD WORKING RIDING HORSE:
Devondale Bubbles. Owner: W. de Klerk

CHAMPION SA BOERPERD SHOW RIDING HORSE: Devondale Bubbles Owner: W. de Klerk
CHAMPION WORKING HUNTER: Goudhoek Willem. Owner Hoefstraal Stud. 3$^{rd}$ in SUPREME CHAMPIONS.

CHAMPION SINGLE HARNESS HORSE: B3 Koraal.
Owner: Kylin Stud.

**Keuringstoer**

- **Merries en reuns en Hingskeuring**
    - Plaasgevind die 16de Junie 2017
    - Mnre Frikkie Combrink en Jan van der Wath het die keuring gedoen
    - Daar was 6 hingste vir die Hingskeuring waarvan 2 gekeur is.
    - Dit was ‘n aangename dag met heelwat buitemense wat die keuring mee gemaak het.

- **Klubvergadering (AJV) September 2017**
  Die vergadering is geskeduleer vir 26 September 2017

- **Gauteng Streekskampioenskap te Misty Meadows**
    - Gauteng SA Boerperd Klub bestuur het na die Nasionale Kampioenskappe ‘n besluit geneem om die Skou vanaf middel Augustus te skuif na einde November begin Desember om sodoende ‘n beter verspreiding in die jaar van SA Boerperd skoue te bewerkstellig.

    - Gauteng is een van die min skoue wat dit wel kan doen aangesien daar geen verbinding bestaan met Landbou Genootskap skoue of vaste ingestelde skoue waarby die SA Boerperde moet inval nie. Binne die eerste 5 maande van die jaar vanaf Februarie tot en met einde Junie begin Julie het daar reeds 6 SA Boerperd Skoue plaasgevind in die verskillende streke.

    - Die skou was aangebied te Misty Meadows Equestrian Center vanaf 1 tot 4 Desember 2016.

    - Skouspring, Dresseer sowel as Veelsydige Ryperd en Werkende Jagperd was saam met Mighty Blues Equestrian Club aangebied op die Saterdag en Sondag onderskeidelik waar daar dit dan ook tot ons voordeel gestrek het want beoordelaars, beamptes en baanbouers se kostes was gedeel. Die reeling het uitstekend afgeloop aangesien daar baie meer toeskouers en belangstellendes na die skou toe gekom het en ons as Klub sien dit as ‘n groot bemarkingsgeleentheid vir ons ras.

    - Tradisionele Beoordelaar was Leon Botha wat ook die Teelklasse beoordeel het en die Universele Beoordelaar was Georgia Diedericks (SASA National Panel) wat ook die eienaar van ‘n SA Boerperd is. Albei het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Ons dank aan hulle.

    - Daar was 76 perde in 367 klasse ingeskryf. Lede uit ander streke het ook die skou ondersteun en daar was ‘n hele aantal nuwe SA Boerperd eienaars wat vir die eerste keer aan ‘n SA Boerperd skou deelgeneem het wat groei in ons streek bevorder.

    - Van die klasse waar daar nie genoegsame inskrywings was nie was gekombineer maar plasings was afsonderlik gedoen. Uitslae was direk op die internet beskikbaar na afloop van elke klas.